education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

REKENINGKUNDE

MODEL 2007

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye en 'n 24 bladsy-antwoordeboek.

Kopiereg voorbehou

IINSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Jy word voorsien van 'n vraestel en 'n antwoordeboek.
2. Hierdie vraestel bestaan uit SEWE verpligte vrae. Beantwoord AL die vrae.
3. Gebruik die formaat wat voorsien word om die vrae te beantwoord.
4. Bewerkings moet getoon word om deelpunte te verdien.
5. Jy moet poog om by die voorgestelde tye te hou.
6. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
7. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

GRAAD 11
REKENINGKUNDE
MODELVRAESTEL 2007

VRAAG 1: 40 punte; 25 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste gedek is:**
Kontantbegroting	LU2 Bestuursrekeningkunde ▪ AS3 Stel kontantbegroting op LU3 Bestuur van hulpbronne ▪ AS4 Identifiseer & ontleed etiese gedrag

VRAAG 2: 45 punte; 25 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste gedek is:**
Vervaardiging	LU2 Bestuursrekeningkunde ▪ AS2 Toepassing van kostebeginsels in vervaardigingsomgewing en boek oor na grootboek ▪ AS2 Eenheidskoste en gelykbreekpunt

VRAAG 3: 40 punte; 25 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste gedek is:**
Vennootskappe en finansiële state	LU1 Finansiële inligting ▪ AS5 Finansiële state – vennootskappe

VRAAG 4: 40 punte; 25 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste gedek is:**
Vaste bates & interne oudit	LU3 Bestuur van hulpbronne ▪ AS3 Waardevermindering, verkryging en verkoop van bate ▪ AS5 Identifiseer & ontleed etiese gedrag ▪ AS6 Interne ouditkontroleprosesse LU1 Finansiële inligting ▪ AS5 Nota tot finansiële state

VRAAG 5: 50 punte; 30 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste gedek is:**
Vennootskapontleding & vertolking	LU1 Finansiële inligting ▪ AS5 Ontleding en vertolking van finansiële state van vennootskappe LU3 Bestuur van hulpbronne ▪ AS5 Identifiseer & ontleed etiese gedrag

VRAAG 6: 50 punte; 30 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste gedek is:**
Voorraadstelsels & BTW	LU3 Bestuur van hulpbronne ▪ AS4 Periodieke voorraadstelsel ▪ AS6 Interne ouditkontroleprosesse LU1 Finansiële inligting ▪ AS2 Gekeurde grootboekrekeninge AS7 BTW-berekeninge uitvoer

VRAAG 7: 35 punte; 20 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste gedek is:**
Klubledegeld & bankversoening	LU1 Finansiële inligting ▪ AS2 Unieke inligting van 'n klub ▪ AS4 Bankversoening ▪ AS6 Interne ouditkontroleprosesse

VRAAG 1 KONTANTBEGROTING (40 punte; 25 minute)

Jy word voorsien van inligting van Jaycee Supermark, 'n besigheid waarvan Johnny Christofides die eienaar is.

Johnny is bekommerd oor sy swak kontantvloeisituasie teen die einde van September. Om die situasie reg te stel, beplan Johnny om 'n Kontantbegroting op te stel en om sy winsopslagpersentasie te vermeerder.

GEVRA:

1.1 Stel die Debiteursinvorderingskedule vir Oktober en November 2007 op. ALLE berekeninge moet tot die naaste rand afgerond word. (7)

1.2 Voltooi die Kontantbegroting vir Oktober en November 2007. Johnny het 'n paar van die Oktober-syfers vir jou voltooi. ALLE berekeninge moet tot die naaste rand afgerond word. (19)

1.3 Teen die einde van November is die totale verkope vir Oktober en November R380 000. Behoort Johnny hiermee tevrede te wees? Verduidelik en noem TWEE faktore wat Johnny in aanmerking moet neem wanneer hy hierdie syfer oorweeg. Haal syfers/finansiële aanwysers aan om jou antwoord te staaf. (5)

1.4 Die werkers is van mening dat die vergoedingsbeleid van hierdie besigheid nie regverdig is nie, dit wil sê hulle is nie tevrede met hulle verdienste nie. Stem jy met hulle saam? Voorsien syfers van die vraag om te bepaal of hulle mening geldig is of nie. Noem TWEE redes om jou antwoord te staaf. (5)

1.5 Noem TWEE strategieë wat Johnny in Desember kan oorweeg om sy kontantvloei te verbeter. Gee 'n rede vir elke strategie. (4)

INLIGTING:

1. Johnny gebruik tans 'n winsopslag van ongeveer 52% op kosprys, maar hy beplan om dit na 75% vanaf 1 Oktober 2007 te verhoog.

2. Uittreksels uit die grootboek vir die afgelope jaar geëindig 30 September 2007:

Verkope	R	2 332 800	(gelykwaardig oor die jaar versprei)
Koste van verkope		1 536 000	
Handelsvoorraad		324 000	
Lening van A1 Uitleners		90 000	(rentekoers 14% p.j.)
Oortrokke bankrekening		28 000	

3. Kontantverkope is 20% van alle verkope. Johnny skat dat totale verkope en koste van verkope soos volg sal wees:

	Oktober	**November**
Totale verkope	R210 000	R245 000
Koste van verkope	R120 000	R140 000
Winsopslag %	75%	75%

4. Daar word verwag dat debiteure hulle rekeninge soos volg sal vereffen:
   - 50% in die maand na die maand waarin die transaksie plaasgevind het (dit wil sê binne 30 dae). Hierdie debiteure is geregtig op 5%-kontantkorting vir stiptelike vereffening.
   - 44% in die tweede maand na die maand waarin die verkoopstransaksie plaasgevind het (dit wil sê binne 60 dae).
   - 6% sal as oninbaar afgeskryf word.

5. Aankoop van handelsvoorraad:
   - Handelsvoorraad word teen 'n konstante vlak gehou. (Aankope vervang verkope in dieselfde maand.)
   - Alle aankope van handelsware is vir kontant.

6. Lening van A1 Uitleners:
   Die korttermynlening is oorspronklik op 30 September 2007 ontvang. Dit moet in gelyke paaiemente oor 24 maande op die laaste dag van elke maand terugbetaal word. Rente teen 14% p.j. word ook op die laaste dag van elke maand betaal.

7. Op 1 November 2007 sal die salaris van die winkelbestuurder met 12% verhoog word, terwyl die lone van die ses winkelassistente met R120 elk verhoog sal word.

40

VRAAG 2 VERVAARDIGINGSREKENINGE (45 punte; 25 minute)

2.1 Jy word voorsien van die volgende inligting vir Buggy's Bag Vervaardigers vir die jaar geëindig 28 Februarie 2007. Dit is 'n na-uurse deeltydse besigheid vir Buggy.

GEVRA:

Bestudeer die inligting voorsien en beantwoord die vrae wat volg.

INLIGTING:

1. Buggy het 1 500 handsakke gedurende die jaar vervaardig en verkoop.
2. Geen voorraad was aan die begin of aan die einde van die finansiële tydperk voorhande nie.
3. Sy koste vir die jaar word hieronder getoon. Hy beskou sekere koste as vaste koste en andere as veranderlike koste.

Koste:	Bedrag:	Kostekategorie:
Administrasiekoste	R 10 000	Vaste
Direkte grondstofkoste	34 500	Veranderlike
Direkte arbeidskoste	28 500	Veranderlike
Fabrieksbokoste	23 100	Vaste
Verkope & verspreidingskoste	12 300	Veranderlike
Totale koste	**R108 400**	
Verkope	**R153 000**	
Netto wins	**R44 600**	

VRAE:

2.1.1 Bereken die volgende:
- Direkte grondstofkoste per eenheid
- Veranderlike koste per eenheid
- Verkoopprys per handsak (7)

2.1.2 Hoeveel handsakke moet Buggy maak om gelyk te breek (dit wil sê om geen wins te maak of verlies te ly nie)? (6)

2.2 Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Thabo se T-hemp Vervaardigers. Die inligting hieronder gegee, is gehaal uit die rekeningkundige rekords op 28 Februarie 2007, die einde van die finansiële jaar.

GEVRA:

Beantwoord die volgende vrae: Balanseer/Sluit AL die rekeninge op 28 Februarie 2007 af.

2.2.1 Stel die Grondstofvoorraadrekening in die grootboek op. (8)

2.2.2 Bereken die fabrieksbokoste vir die jaar. (8)

2.2.3 Stel die Goedere-in-bewerking-voorraadrekening in die grootboek op. (10)

2.2.4 Bereken die klaarproduktevoorraad voorhande aan die einde van die jaar. (6)

Saldo's op 1 Maart:	**2006**	**2007**
Grondstofvoorraad	R 24 000	R 16 500
Goedere-in-bewerking-voorraad	17 800	23 400
Klaarproduktevoorraad	22 500	?
Indirekte fabriekgrondstofvoorraad	1 200	1 500

Opsomming van transaksies vir die jaar geëindig 28 Februarie 2007:

Verkope	R 974 204
Grondstof op krediet gekoop	266 000
Grondstof vir kontant gekoop	103 000
Lone van direkte werkers	110 600
Salarisse & lone – fabriek indirekte werkers	122 000
Salaris van boekhouer/ontvangspersoon	35 200
Motorvoertuiguitgawes (alle voertuie word deur verkoopspersone gebruik)	36 000
Water en elektrisiteit (word tussen die fabriek en die kantoor in die verhouding 4:1 verdeel)	26 200
Indirekte fabriekgrondstof gedurende die jaar op krediet gekoop	18 000
Diverse fabrieksuitgawes	43 100

Addisionele inligting:

1. Voltooide T-hemde is teen 'n winsopslag van 40% op die koste van produksie verkoop.

2. Diverse fabrieksuitgawes van R1 300 is aan die einde van die jaar vooruitbetaal.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3 FINANSIËLE STATE (40 punte; 25 minute)

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Tultim Handelaars. Die besigheid is 'n vennootskap met Thulani Themba en Tim Taylor as die eienaars.

GEVRA:

3.1 Voltooi die nota tot die Balansstaat vir die Privaatrekeninge op 28 Februarie 2007. 'n Totaalkolom word nie verlang nie. Tim se syfers is vir jou ingeskryf. (13)

3.2 Stel die Balansstaat op 28 Februarie 2007 op. Waar notas nie gevra word nie, toon jou bewerkings tussen hakies op die sig van die Balansstaat. (27)

INLIGTING:

1. **Syfers van die Proefbalans op 28 Februarie 2007 geïdentifiseer:**

Kapitaal: Thulani	400 000
Kapitaal: Tim	400 000
Privaatrekening: Thulani (1 Maart 2007)	Debiet 22 000
Privaatrekening: Tim (1 Maart 2007)	Krediet 15 000
Onttrekkings: Thulani	?
Onttrekkings: Tim	?
Verbandlening: Gauteng Verbandlenings	?
Vaste bates – boekwaarde	1 020 000
Vaste deposito's by Bildco	110 000
Oortrokke bankrekening	46 000
Wisselgeld	5 000
Voorrade	?
Handels- & ander debiteure	?
Krediteurekontrole	172 000
SAID (LBS)	20 000

2. **Inligting oor vennote se verdienste en onttrekkings:**

- Tim verdien 'n vennoot se salaris van R12 000 per maand, terwyl Thulani 25% meer as Tim verdien.
- Rente op kapitaal is 9% p.j. Let op dat Thulani sy kapitaal met R100 000 op 1 Desember 2006 verhoog het (dit is opgeteken).
- Oorblywende winste word tussen Thulani en Tim in die verhouding 3:2 onderskeidelik verdeel. Die oorblywende winste deur Tim verdien, na alle aansuiwerings en na die interne oudit, is as R240 000 bereken.
- Tim het 75% van sy verdienste vir die 2007 finansiële jaar onttrek.
- Thulani het 'n persoonlike kontantvloeiprobleem. In oorleg met Tim het hy soveel moontlik onttrek, wat 'n positiewe saldo van R50 000 in sy lopende rekening aan die einde van die jaar gelaat het.

3. **Addisionele inligting:**

- Inligting van leningstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2007:
  - Saldo op 1 Maart 2006: R360 000
  - Rente deur Gauteng Verbandlenings gehef: R45 600
  - Maandelikse betalings aan Gauteng Verbandlenings: R5 300 per maand
  - Gedurende die volgende 12 maande sal die kapitaalbedrag van die verbandlening met R22 000 verminder
- Daar is twee vaste deposito's by Bildco:
  - 'n Vaste deposito vir R80 000 verval op 30 Junie 2009
  - 'n Vaste deposito vir R30 000 verval op 30 Junie 2008
- Op 28 Februarie 2007 is die bedryfsverhouding 1,8:1 en die vuurproef-verhouding is 0,7:1.

40

VRAAG 4 VASTE BATES & INTERNE BEHEER (40 punte; 25 minute)

4.1 AANTEKENING EN RAPPORTERING VAN VASTE BATES

Jy word voorsien van die inligting van Maduna & Seun Handelaars.

GEVRA:

4.1.1 Bereken die waardevermindering op voertuie vir die jaar geëindig 28 Februarie 2007. (7)

4.1.2 Stel die Bateverkoperekening op 31 Desember 2006 op. (9)

4.1.3 Voltooi die nota tot die Balansstaat vir vaste bates op 28 Februarie 2007. Die totaalkolom word nie benodig nie. Sommige van die syfers is reeds vir jou ingeskryf. (13)

INLIGTING:

1. Waardevermindering op voertuie is bereken teen 20% p.j. op die reglynige afskrywingsmetode. Waardevermindering op toerusting vir die jaar beloop R11 400.

2. Die volgende saldo's verskyn in die grootboek op 1 Maart 2006:
   - Voertuie, teen kosprys R880 000
   - Opgehoopte waardevermindering op voertuie, R250 000
   - Toerusting, teen kosprys R336 000
   - Opgehoopte waardevermindering op toerusting, R257 000

3. Koop nuwe toerusting op krediet vir R105 000 op 1 November 2006.

4. Betaal Urban Technics die volgende op 28 Februarie 2007:
   - R8 000 vir die installering van 'n musiekstelsel in 'n voertuig
   - R3 000 vir die herstel van die lugversorgingstelsel in die voertuig

5. Ruil op 31 Desember 2006 'n voertuig by Pretoria Motors in. Die inruil-waarde aangebied deur Pretoria Motors is R32 000, terwyl die koste van die nuwe voertuig R180 000 is. Die balans van R148 000, verskuldig aan Pretoria Motors, sal oor die volgende 6 maande betaal word.

   Besonderhede van die ou voertuig wat ingeruil is, is verkry uit die Vastebate-register:

VASTEBATE-REGISTER

Voertuig: Toyota Corolla **Model:** 2003
Datum gekoop: 1 Mei 2003 **Datum verkoop:** 31 Des. 2006
Kosprys: R144 000
Waardevermindering afgeskryf:

28 Feb. 2004	R24 000
28 Feb. 2005	R28 800
28 Feb. 2006	R28 800
	R81 600
31 Des. 2006	?

4.2 INTERNE KONTROLE EN INTERNE BEHEER VAN VASTE BATES

Jy word voorsien van 'n uittreksel uit 'n koerantartikel. Die name en besonderhede is gewysig aangesien die saak nog nie gefinaliseer is nie.

GEVRA:

Lees die artikel en beantwoord die vrae wat volg.

BATES VAN BROERS VAN BEDROG AANGEKLA GEVRIES

***Gebaseer op 'n artikel deur Tania Broughton**, Onafhanklike koerante, 7 Nov. 2006.*

Huise, 'n vakansiehuis, motors en kontant wat aan twee broers, wat van bedrog van meer as R3,6 miljoen aangekla word, is Vrydag deur 'n regter van die Durbanse Hooggeregshof 'bewaar' hangende die resultaat van die strafsaak teen hulle.

Indien John Jones* en sy broer, James Jones* skuldig bevind sou word op die aanklagte, sal daar aansoek gedoen word dat hul bates aan die staat verbeur moet word.

Volgens regsdokumente voor Regter Braam Schreuder*, is die twee broers as bestuurders by Grimebusters*, 'n gordyn- en matskoonmaak-besigheid, in diens geneem. Albei het sedertdien bedank.

Wilfred Moolman* die hoof van die Bate-beslagleggingseenheid, het gesê dat as gevolg van 'n polisieondersoek, die twee in Julie gearresteer en van bedrog, alternatiewelik diefstal, aangekla is. Hulle is van voorneme om onskuldig te pleit.

Hy het gesê dat die ondersoek onthul het dat terwyl hulle by Grimebusters* gewerk het, hulle 'n gordyn- en matskoonmaakbesigheid begin het wat as JJ Skoonmakers handel gedryf het.

'Hulle het Grimebusters* se personeel, toerusting en voorraad gebruik om gordyn- en matskoonmaak-dienste aan verskeie klante van JJ Skoonmakers* te lewer.

'Hulle het dan fakture geskep wat die naam en bankbesonderhede van JJ Skoonmakers* bevat en betalings is in hierdie rekening gemaak,' het hy gesê.

Hy het beweer dat R3 627 000 in die rekening van hulle eie besigheid inbetaal is as gevolg hiervan, wat 'n verlies vir Grimebusters* was.

Ooreenkomstig die hofbevel, wat met instemming gemaak is, moes die broers kontant van R877 000, wat deur 'n prokureur in trust gehou is, 'n huis in Durban, 'n woonstel in Margate, 'n huis in Pinetown, vier voertuie en drie sleepwaens oorgee.

** Name verander.*

VRAE:

4.2.1 Beskryf kortliks die misdaad waarvan die twee broers beskuldig word. (3)

4.2.2 Na jou mening, is dit reg dat die persoonlike bates van die broers gekonfiskeer word indien hulle skuldig bevind sou word? Verduidelik kortliks. (2)

4.2.3 Indien jy as interne ouditeur van Grimebusters aangestel sou word, watter prosedures en kontroles sou jy in die besigheid instel om soortgelyke misdaad in die toekoms te voorkom? Noem DRIE punte. (6)

40

VRAAG 5 VERTOLKING VAN INLIGTING (50 punte; 30 minute)

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Imphala Electronics. Die besigheid word besit deur twee vennote, Ian Impey en Peter Phala.

GEVRA:

Bestudeer die inligting en beantwoord die vrae wat volg. Haal syfers en/of die werklike finansiële aanwysers (verhoudings/persentasies), waar van toepassing, aan om jou antwoord te ondersteun.

INLIGTING:

Die volgende inligting is gehaal uit die grootboek op 28 Februarie 2007:

KAPITAAL: PHALA

2007			
Mrt. 1	Saldo	a/b	900 000
Aug. 31	Bank		800 000
			1 700 000

PRIVAATREKENING: PHALA

2007	Onttrekkings:			2006			
Feb. 28	Phala		77 000	Mrt. 1	Saldo	a/b	40 000
				2007			
	Saldo	o/b	90 000	Feb. 28	Salaris: Phala		70 000
					Rente op kapitaal		48 000
					Winsverde-lingsrekening		9 000
			167 000				167 000
				2007			
				Mrt. 1	Saldo	a/b	90 000

Die volgende syfers is gehaal uit die Balansstaat op 28 Februarie 2007:

	2007	**2006**
Vaste bates	3 052 000	2 270 000
Beleggings	150 000	180 000
Bedyfsbates	850 000	720 000
TOTALE BATES	4 052 000	3 170 000
Eienaarsbelang	2 732 000	2 330 000
Nie-bedryfslaste (14% p.j.)	1 000 000	600 000
Bedryfslaste	320 000	240 000
TOTALE EKWITEIT & LASTE	4 052 000	3 170 000

Bedrae verkry uit die finansiële state:

	2007	**2006**
Verkope (40% op krediet)	3 100 000	4 200 000
Koste van verkope	1 820 000	2 640 000
Bedryfswins	365 800	600 600
Netto wins	269 000	520 000
Kapitaal – Impey	1 000 000	1 400 000
Kapitaal – Phala	1 700 000	900 000
Privaatrekening – Impey	(58 000)	(10 000)
Privaatrekening – Phala	90 000	40 000
Handelsvoorraad	180 000	440 000
Handelsdebiteure	410 000	230 000
Handelskrediteure	245 000	184 000

Finansiële aanwysers uit die finansiële state bereken:

	2007	**2006**
Bedryfswins as 'n % van verkope	11,8%	14,3%
Netto wins as 'n % van verkope	8,6%	12,2%
Bedryfskapitaalverhouding	2,6:1	3,0:1
Vuurproefverhouding	2,1:1	1,2:1
Voorraadomsetsnelheid	5,9	7,0
Gemiddelde debiteure-invorderingstermyn	?	54 dae
Gemiddelde krediteure-invorderingstermyn	23 dae	25 dae
Solvabiliteitsverhouding	?	3,4:1
Skuld/eienaarsbelangverhouding	?	0,26:1
Opbrengs op totale kapitaal aangewend	10,1%	11,2%
% opbrengs op gemiddelde ekwiteit	12,9%	17,1%
% opbrengs verdien deur Impey	14,7%	16,6%
% opbrengs verdien deur Phala	?	17,3%

VRAE:

5.1 **Solvabiliteit:**

5.1.1 Bereken die verhouding van totale bates tot totale laste vir 2007. (3)

5.1.2 Lewer kommentaar op hierdie verhouding. Sal die besigheid moontlike solvabiliteitsprobleme ervaar? Verduidelik kortliks. (3)

5.2 **Hefhoom en winsgewendheid:**

5.2.1 Bereken die skuld/eienaarsbelangverhouding vir 2007. (3)

5.2.2 Phala is nie gelukkig met die skuld/eienaarsbelangverhouding nie en is van mening dat dit die besigheid se prestasie negatief beïnvloed. Noem TWEE punte wat haar mening sal ondersteun. (6)

5.3 **Opbrengste en ekwiteit:**

5.3.1 Bereken Phala se %-opbrengs op gemiddelde ekwiteit. (5)

5.3.2 Phala is van mening dat haar opbrengs onbevredigend is en dat Impey bevoordeel word as gevolg van sy senior posisie in die vennootskap. Noem DRIE punte om Phala se mening te ondersteun. (9)

5.4 **Likiditeit:**

5.4.1 Bereken die gemiddelde debiteureinvorderingstermyn vir 2007. (5)

5.4.2 Die klante kla dat die besigheid selde voorraad aanhou van die modelle of style wat hulle graag sou wou koop. Watter syfers en finansiële aanwysers is bewyse van hierdie probleem? Verduidelik kortliks. Noem TWEE punte. (4)

5.4.3 Die vennote verskil oor die likiditeitsituasie.

- Impey is nie bekommerd oor die likiditeitsituasie vir die nabye toekoms nie.
- Phala is van mening dat daar gevaartekens is vir die langtermyn-volhoubaarheid van die besigheid, sover dit likiditeits- en kontantvloei aangaan.

Noem TWEE punte om Impey se mening te ondersteun en TWEE punte om Phala se mening te ondersteun. (12)

50

VRAAG 6 VOORRAADSTELSELS, BEHEER EN BTW (50 punte; 30 minute)

6.1 DEURLOPENDE VOORRAADSTELSEL

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Jaykay Jackets, 'n winkel waarvan Jerry Kay die eienaar is. Hy gebruik die deurlopende voorraadstelsel. Hy is bekommerd dat daar winkeldiefstal (steel van voorraad) in die besigheid plaasgevind het.

INLIGTING:

GROOTBOEK VAN JAYKAY JACKETS
HANDELSVOORRAAD

2007 Mei	1	Saldo	a/b	72 000	2007 Mei	31	Krediteurekontrole	KAJ	3 600
	31	Krediteurekontrole	KJ	216 000			Koste van verkope	KOJ	(a)
		Koste van verkope	DAJ	4 320			Onttrekkings	AJ	(b)
							Handelsvoorraad-tekort	AJ	(c)
							Saldo	o/d	?
				292 320					292 320
2007 Mei	1	Saldo	a/b	?					

ADDISIONELE INLIGTING:

1. Jerry verkoop een soort baadjie teen 'n winsopslag van 75% op kosprys. Die kosprys van elke baadjie is R360.
2. Daar was 200 baadjies voorhande aan die begin van die maand.
3. Koop 600 baadjies op krediet gedurende Mei.
4. Verkoop baadjies vir kontant. Kontantstrokies uitgereik aan klante is R422 100 in totaal.
5. Terugstuur van baadjies was soos volg:
   - Ontvang kredietnotas van R3 600 in totaal vir defektiewe baadjies wat aan die vervaardiger teruggestuur is
   - Reik kredietnotas van R7 560 aan kredietklante uit. Hulle het 12 baadjies teruggestuur omdat verkeerde groottes aan hulle verkoop is.
6. Die eienaar het 8 baadjies uit die voorraad vir sy familie geneem.
7. 'n Voorraadopname op 31 Mei het onthul dat 113 baadjies aan die einde van die maand voorhande was.

GEVRA:

6.1.1 Verwys na die bostaande Grootboekrekening. Identifiseer die ontbrekende syfers deur (a), (b) en (c) aangedui. (7)

6.1.2 Het Jerry 'n winkeldiefstalprobleem in sy besigheid? Indien wel, hoeveel baadjies het verdwyn? (3)

6.2 PERIODIEKE VOORRAADSTELSEL

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Mary's Mugs, 'n kleinhandelwinkel waarvan Mary Mbhele die eienaar is. Sy gebruik die periodieke voorraadstelsel. Sy is ook bekommerd dat daar winkeldiefstal plaas-gevind het.

GEVRA:

6.2.1 Stel die Handelsrekening vir Julie 2007 op. (16)

6.2.2 Bereken die werklike winsopslag-% op kosprys vir die maand behaal. (4)

6.2.3 Verskaf hierdie berekening bewyse dat daar 'n winkeldiefstalprobleem is? Indien wel, hoe ernstig is die probleem? Haal syfers of persentasies aan om jou antwoord te staaf. (3)

6.2.4 Mary is ingelig dat dit baie beter vir haar besigheid sal wees om na die deurlopende voorraadstelsel oor te skakel. Stem jy saam? Verduidelik kortliks. (3)

INLIGTING:

1. Mary verkoop verskillende soort koffiebekers. Sy wil 'n winsopslag van 50% op kosprys behaal, maar sy gee wel handelskorting aan spesiale klante.
2. Voorraad voorhande aan die begin van die maand, R120 000.
3. Totale van brondokumente vir die maand:
   - Fakture van vervaardigers van bekers ontvang, R141 000.
   - Kredietnotas ontvang vir defektiewe bekers aan verskaffers teruggestuur, R7 500.
4. Betaal Sky Couriers R3 500 vir vervoer van bekers vanaf die buiteland. Betaal ook doeaneregte van R4 800 op hierdie bekers.
5. Mary het bekers aan die plaaslike kinderhuis geskenk. Die verkoopprys van hierdie bekers is as R9 600 op die prysetikette aangedui.
6. Alle verkope van bekers was vir kontant, R232 000. Dit was nadat handelskorting van R8 000 aan spesiale klante toegestaan is.
7. Handelsvoorraad voorhande aan die einde van die maand is gewaardeer teen kosprys, R95 400.

6.3 BTW

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Jopa Algemene Handelaars.
John Paulse is die eienaar van die besigheid en is as 'n BTW-verkoper geregistreer.

GEVRA:

6.3.1 Wat word met *inset-BTW* en *uitset-BTW* bedoel en hoe beïnvloed dit die betaling wat deur 'n besigheid aan SAID gemaak word? (2)

6.3.2 Verwys na die faktuur hieronder. Bereken die volgende:

(a) Die bedrag uitset-BTW by die R516,07 ingesluit (2)

(b) Die netto verkoopprys per pakkie Powa-ontbytgraan, uitset-BTW uitgesluit (2)

(c) Die koste van Powa-ontbytgraan per pakkie, inset-BTW uitgesluit (2)

(d) Die wins per pakkie Powa-ontbytgraan deur die besigheid verdien (2)

(e) Die bedrag inset-BTW per pakkie Powa-ontbytgraan

(f) Die bedrag uitset-BTW per pakkie Powa-ontbytgraan

INLIGTING:

1. Jopa Algemene Handelaars gebruik 'JOHNPAULSE' as 'n geheime kostekode waar J=1. Inset-BTW word uitgesluit wanneer die kostekode op elke produk uitgewerk word.

2. Die volgende faktuur word aan jou voorgelê:

JOPA ALGEMENE HANDELAARS — Faktuur: 7051

Debiet: Holly's Bed & Ontbyt — 23 Junie 2007
Posbus 1234, Nuweland

	KOSTE-KODE	BTW-KOERS	EENHEIDS-PRYS	TOTAAL
8 bruin brode	N,NP	0%	5,30	42,40
12 liter vars melk	H,LU	0%	4,56	54,72
15 pakkies Powa-ontbytgraan (1 kg)	JA,NL	14%	27,93	418,95
TOTAAL				R 516,07

Geteken: *H Holly*

50

VRAAG 7 KLUBLEDEGELD & BANKVERSOENING (35 PUNTE; 20 MINUTE)

7.1 LEDEGELDE

Jy word van inligting ten opsigte van Ixopo Sokkerklub voorsien.

GEVRA:

Bestudeer die inligting en beantwoord die vrae wat volg.

INLIGTING:

1. Die ledegeld is R1 200 per jaar per lid. Die klub het 51 lede aan die einde van die 2005 finansiële jaar gehad.

2. Lede wat nie hulle fooie vir 2005 gedurende die 2006 finansiële jaar betaal nie, moet as oninbaar afgeskryf en uit die klub geskors word.

3. Die volgende het in die Ledegeldrekening vir die jaar geëindig 31 Desember 2006 verskyn:

Opgelope inkomste (ontvangbaar) op 1 Jan. 2006	R 17 400
Opgelope inkomste (ontvangbaar) op 31 Des. 2006	3 600
Vooruitontvange inkomste (uitgestelde inkomste) op 1 Jan. 2006	2 400
Vooruitontvange inkomste (uitgestelde inkomste) op 31 Des. 2006	10 800
Ledegeld afgeskryf gedurende 2006	4 800
Ledegeld ontvang en gedeponeer gedurende 2006	96 600
Terugbetaling op 30 Sept. aan twee lede wat nie meer sokker speel nie weens beserings – een derde van hul geld is terugbetaal.	800
Fout: Borgskap ontvang vir 'n buitelandse toer vir die eerste span is verkeerdelik in die Ledegeldrekening gekrediteer.	200 000

VRAE:

7.1.1 Hoeveel lede skuld ledegeld aan die klub aan die einde van die jaar? (2)

7.1.2 Hoeveel lede is uit die klub geskors gedurende 2006 as gevolg van ledegeld wat nie betaal is nie? (2)

7.1.3 Watter syfer behoort in die 2006 Staat van Ontvangste en Betalings vir Ledegeld te verskyn? (2)

7.1.4 Watter syfer behoort in die 2006 Inkomste & Uitgawestaat vir Ledegeld te verskyn? (4)

7.1.5 Hoeveel lede is teen 31 Desember 2006 by die klub geregistreer? (3)

7.1.6 Die klub se president was baie gelukkig met die vordering van die klub aan die einde van 2006. Oorweeg die syfers wat in die vraag gegee is en noem TWEE punte om jou mening te staaf. Haal die syfers in jou antwoord aan. (4)

7.2 BANKVERSOENING

Die volgende inligting verwys na Ixopo Sokkerklub. Die tesourier het siek geword en nie die Bankversoeningstaat vir die afgelope twee maande voltooi nie. Hy het wel die Kontantontvangstejoernaal (KOJ) en die Kontantbetalingsjoernaal (KBJ) voltooi.

GEVRA:

7.2.1 Bereken die banksaldo op 1 Julie 2007. (4)

7.2.2 Stel die bankrekening in die grootboek vir Julie 2007 op en balanseer dit. (8)

7.2.3 Gebruik die formaat wat verskaf is om die Bankversoeningstaat op 31 Julie 2007 op te stel. Tjeks hoef nie gelys te word nie. (6)

INLIGTING:

1. Op 31 Mei 2007 het die bankrekening in die grootboek 'n saldo van R22 500 getoon. Dit was dieselfde as die saldo op die bankstaat.

2.	**Tjeks in die KBJ gedurende Junie 2007 opgeteken:**	**17 500**
	Op bankstaat in Junie opgeteken	13 500
	Op bankstaat in Julie opgeteken	3 650
	Op bankstaat in Augustus opgeteken	350
3.	**Tjeks in die KBJ gedurende Julie 2007 opgeteken:**	**47 500**
	Op bankstaat in Julie opgeteken	43 730
	Op bankstaat in Augustus opgeteken	3 770
4.	**Deposito's in die KOJ in Junie 2007 opgeteken:**	**30 000**
	Op bankstaat in Junie opgeteken	27 400
	Op bankstaat in Julie opgeteken	2 600
5.	**Deposito's in die KOJ in Julie 2007 opgeteken:**	**40 000**
	Op bankstaat in Julie opgeteken	36 800
	Op bankstaat in Augustus opgeteken	3 200

6. **Inskrywings op die bankstaat wat nie in die joernale opgeteken is nie:**

	Junie	**Julie**
Direkte deposito deur 'n borg	-	615
Bankkostes	65	90
Direkte deposito deur 'n lid gemaak	400	400
Geweierde tjek van 'n lid	-	280
Debietorder vir versekering	175	175

35

TOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou

GRAAD 11
REKENINGKUNDE

MODEL 2007

NAAM VAN LEERDER: _____

ANTWOORDEBOEK

VRAAG	MAKS	FINALE PUNT
1	40	
2	45	
3	40	
4	40	
5	50	
6	50	
7	35	
	300	

Hierdie antwoordeboek bestaan uit 24 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1

JAYCEE SUPERMARK
DEBITEUREINVORDERINGSKEDULE VIR OKTOBER & NOVEMBER 2007

	KREDIET-VERKOPE	INVORDERINGS:	
		OKTOBER 2007	NOVEMBER 2007
Augustus	155 520	**68 429**	
September	155 520		
Oktober	?		
November			

7

1.2

JAYCEE SUPERMARK
KONTANTBEGROTING VIR OKTOBER & NOVEMBER 2007

	OKTOBER	**NOVEMBER**
KONTANTONTVANGSTE	**R**	**R**
Kontantverkope	**42 000**	
Ontvangste van debiteure		
TOTALE ONTVANGSTE		
KONTANTBETALINGS		
Kontantaankope van handelsvoorraad	**120 000**	
Salaris van winkelbestuurder	**12 000**	
Lone van winkelassistente	**18 000**	
Onttrekkings	**30 000**	**30 000**
Ander bedryfsuitgawes	**12 500**	**12 500**
Terugbetaling van lening		
Rente op lening	**1 050**	
TOTALE BETALINGS		
SURPLUS/(TEKORT)		
BANK AAN BEGIN VAN MAAND	**(28 000)**	
BANK AAN EINDE VAN MAAND	**(40 999)**	

19

1.3	**Teen die einde van November is die totale verkope vir Oktober en November R380 000. Behoort Johnny hiermee tevrede te wees? Verduidelik en noem TWEE faktore wat Johnny in aanmerking moet neem wanneer hy hierdie syfer oorweeg. Haal syfers/finansiële aanwysers aan om jou antwoord te staaf.**	**5**
1.4	**Die werkers is van mening dat die vergoedingsbeleid van hierdie besigheid nie regverdig is nie, dit wil sê hulle is nie tevrede met hulle verdienste nie. Stem jy met hulle saam? Voorsien syfers van die vraag om te bepaal of hulle mening geldig is of nie. Noem TWEE redes om jou antwoord te staaf.** **Mening:** **Verduideliking:**	**5**

1.5	**Noem TWEE strategieë wat Johnny in Desember kan oorweeg om sy kontantvloei te verbeter. Gee 'n rede vir elke strategie.**	
		4

Punte
40

VRAAG 2

2.1.1	**Berekening van direkte grondstofkoste per eenheid:** **Berekening van veranderlike koste per eenheid:** **Berekening van verkoopprys per eenheid:**	**7**

2.1.2	**Berekening van gelykbreekpunt:**	**6**

2.2.1

Grondstofvoorraad

2006 Mrt.	1	Saldo	o/d	24 000					

8

2.2.2 **Bereken fabrieksbokoste vir die jaar:**

8

2.2.3

Goedere-in-bewerking-voorraad

2006 Mrt.	1	Saldo	o/d	17 800					

10

2.2.4 **Bereken die klaarproduktevoorraad voorhande aan die einde van die jaar:**

5

Punte
45

3.1 Voltooi die nota tot die Balansstaat vir die Privaatrekeninge op 28 Februarie 2007.

Privaatrekeninge	**Tulani**		**Tim**
Besigheidswins vir die jaar			**420 000**
Vennote se salarisse			**144 000**
Rente op kapitaal			**36 000**
Primêre verdeling			**180 000**
Gedeelte van oorblywende wins (verlies)			**240 000**
Onttrekkings			**(315 000)**
Behoue inkomste vir die jaar			**105 000**
Saldo aan die begin van die jaar			**15 000**
Saldo aan die einde van die jaar			**120 000**

13

3.2 Voltooi die Balansstaat op 28 Februarie 2007.

Thulani Themba en Tim Taylor dryf handel as Tultim Handelaars
BALANSSTAAT VIR DIE JAAR GEËiNDIG 28 FEBRUARIE 2007

BATES		
Nie-bedryfsbates		
Vaste bates	**1 020 000**	
Belegging – Vaste deposito: Bildco		
Bedryfsbates		
Voorrade		
Handels- & ander ontvangbares		
Kontant & kontantekwivalente		
TOTALE BATES		
EKWITEIT & LASTE		
Ekwiteit		
Kapitaal	**800 000**	
Privaatrekeninge		
Nie-bedryfslaste		
Verbandlening: Gauteng Verbandlenings		
Bedryfslaste		
Handel & ander betaalbares		
Oortrokke bankrekening		
TOTALE EKWITEIT & LASTE		**27**

TOTAAL
40

VRAAG 4

4.1.1	**Bereken die waardevermindering op voertuie vir die jaar geëindig 28 Februarie 2007.**	**7**

4.1.2	**Stel die Bateverkoperekening op 31 Desember 2006 op.**

GROOTBOEK VAN MADUNA & SEUN HANDELAARS
BATEVERKOPE

9

4.1.3 Voltooi die nota tot die Balansstaat vir vaste bates op 28 Februarie 2007.

Vaste Bates	Grond & geboue		Voertuie		Toerusting
Drawaarde aan die begin van die jaar	**255 600**				**79 000**
Kosprys	**255 600**				**336 000**
Opgehoopte waardevermindering					**(257 000)**
Bewegings					
Byvoegings	**0**				
Verkope	**0**				
Waardevermindering	**0**				
Drawaarde aan die einde van die jaar	**255 600**		**602 400**		
Kosprys	**255 600**		**924 000**		
Opgehoopte waardevermindering	**0**		**(321 600)**		

13

4.2.1	**Beskryf kortliks die misdaad waarvan die twee broers beskuldig word:**	**3**
4.2.2	**Na jou mening, is dit reg dat die persoonlike bates van die broers gekonfiskeer word indien hulle skuldig bevind word? Verduidelik kortliks.**	**2**
4.2.3	**Indien jy as interne ouditeur van Grimebusters aangestel sou word, watter prosedures en kontroles sou jy in die besigheid instel om soortgelyke misdaad in die toekoms te voorkom? Noem DRIE punte.**	**6**

Punte
40

VRAAG 5

5.1.1	**Bereken die verhouding totale bates tot totale laste vir 2007.**	**3**
5.1.2	**Lewer kommentaar op hierdie verhouding. Sal die besigheid moontlike solvabiliteitsprobleme ervaar? Verduidelik kortliks.**	**3**

5.2.1	**Bereken die skuld/eienaarsbelangverhouding vir 2007.**	**3**
5.2.2	**Phala is nie gelukkig met die skuld/eienaarsbelangverhouding nie en is van mening dat dit die besigheid se prestasie negatief beïnvloed. Noem TWEE wat haar mening sal ondersteun.**	**6**

5.3.1	**Bereken Phala se %-opbrengs op gemiddelde ekwiteit.**	**5**
5.3.2	**Phala is van mening dat haar opbrengs onbevredigend is en dat Impey bevoordeel word as gevolg van sy senior posisie in die vennootskap. Noem DRIE punte om Phala se mening te ondersteun.**	**9**

5.4.1	**Bereken die gemiddelde debiteureinvorderingstermyn vir 2007.**	**5**
5.4.2	**Die klante kla dat die besigheid selde voorraad aanhou van die modelle en style wat hulle graag sou wou koop. Watter syfers en finansiële aanwysers is bewyse van die probleem. Verduidelik kortliks. Noem TWEE punte.**	**4**

5.4.3	**Impey is nie bekommerd oor die likiditeitsituasie vir die nabye toekoms nie. Noem TWEE punte om Impey se mening te ondersteun.** **Phala is van mening dat daar gevaartekens is vir die langtermyn-volhoubaarheid van die besigheid, sover dit die likiditeits- en kontantvloei aangaan. Noem TWEE punte om Phala se mening te ondersteun.**	
		12

Punte
50

VRAAG 6

6.1 JAYKAY JACKETS – DEURLOPENDE VOORRAADSTELSEL

6.1.1	**Syfers aangedui deur:** **(a)** **(b)** **(c)**	**7**

6.1.2	**Het Jerry 'n winkeldiefstalprobleem in sy besigheid? Indien so, hoeveel baadjies het verdwyn?** **Mening:** **Aantal baadjies wat verdwyn het:**	**3**

6.2 MARY'S MUGS – PERIODIEKE VOORRAADSTELSEL

6.2.1 Stel die Handelsrekening vir Julie 2007 op.

Grootboek van Mary's Mugs
HANDELSREKENING

16

6.2.2	**Bereken die werklike winsopslag-% op kosprys vir die maand behaal.**	**4**

6.2.3	**Verskaf hierdie berekening bewyse dat daar 'n winkeldiefstal-probleem is? Indien wel, hoe ernstig is die probleem? Haal syfers of persentasies aan om jou antwoord te staaf.**	**3**

6.2.4	**Mary is ingelig dat dit baie beter vir haar besigheid sal wees om na die deurlopende voorraadstelsel oor te skakel. Stem jy saam? Verduidelik kortliks.**	**3**

6.3 BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE

6.3.1	**Wat word met *inset-BTW* en *uitset-BTW* bedoel en hoe beïnvloed dit die betaling wat deur die besigheid aan SAID gemaak word?**	**2**
6.3.2	**(a) Die bedrag uitset-BTW by die R516,07 ingesluit:** **(b) Die netto verkoopprys per pakkie Powa-ontbytgraan, uitset-BTW uitgesluit:** **(c) Die koste van Powa-ontbytgraan per pakkie, inset-BTW uitgesluit:** **(d) Die wins per pakkie Powa-ontbytgraan deur die besigheid verdien:** **(e) Die bedrag inset-BTW per pakkie Powa-ontbytgraan:** **(f) Die bedrag uitset-BTW per pakkie Powa-ontbytgraan:**	**12**

Punte
50

VRAAG 7

7.1.1	**Hoeveel lede skuld ledegeld aan die klub aan die einde van die jaar?**	**2**
7.1.2	**Hoeveel lede is uit die klub geskors gedurende 2006 as gevolg van ledegel wat nie betaal is nie?**	**2**
7.1.3	**Watter syfer moet in die 2006 Staat van Ontvangste en Betalings vir Ledegeld verskyn?**	**2**
7.1.4	**Watter syfer behoort in die 2006 Inkomste & Uitgawestaat vir Ledegeld te verskyn?**	**4**
7.1.5	**Hoeveel lede is teen 31 Desember 2006 by die klub geregistreer?**	**3**

7.1.6	**Die klub se president was baie gelukkig met die vordering van die klub aan die einde van 2006. Oorweeg die syfers wat in die vraag gegee is en noem TWEE punte om jou mening te staaf. Haal die syfers in jou antwoord aan.**	**4**

7.2.1	**Bereken die banksaldo op 1 Julie 2007.**	4

7.2.2	**Stel die bankrekening in die grootboek vir Julie 2007 op.**

BANK

8

7.2.3 Stel die Bankversoeningstaat op 31 Julie 2007 op.

	Debiet	Krediet
Saldo volgens bankstaat		
Uitstaande deposito's		
Uitstaande tjeks		
Saldo volgens bankrekening in die grootboek		

OF:

Saldo volgens Bankstaat	
Uitstaande deposito's	
Uitstaande tjeks	
Saldo volgens bankrekening in die grootboek	

6

Punte
35

TOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou